

Woensdag 1 November

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:1-10

Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:9

“Ver van God op ’n afgrond aan” en “saal’ge lot naby God”

Aan die een kant: “Wie ver van U sy weg wil gaan, stap op ’n donker af-grond aan”, en aan die ander kant: “Maar dis my goed, my saal’ge lot, as ek naby is by my God” (Ps. 73:12, 1936-beryming). Enersyds die “donker af-grond” van God se straf vir die “kwaadpratere van die Weg van die waarheid” (2 Pet. 2:2), en andersyds God se redding vir die “godsaliges” (2 Pet. 2:9).

Oor hierdie tweeledige waarheid is 2 Petrus 2:1-10 duidelik: straf en red-ding op die oordeelsdag. Drie voorbeelde word in verse 4-6 genoem ter staving daarvan dat vals leraars, wat dwaalleer insmokkel om gelowiges tot sedeloosheid te verlei, hulleself in die verderf stort. Die engele wat gesondig het (Op. 20:1-3), die goddelose mense in die tyd van Noag (Gen. 6:13-20) en die stede Sodom en Gomorra (Gen. 19:24, 25) is die oordeel nie gespaar nie.

Hierdie voorbeelde is hierop van toepassing: “Die Here weet om die goddeloses ... vir die oordeelsdag gevange te hou” (2:9). Hulle sal hulle straf nie kan ontvlug nie. Hierteenoor is Noag, met sewe ander, gered (2:5). Ook Lot, vir wie die sedelose lewe in Sodom en Gomorra ’n foltering was, is die oor-deel gespaar.

Ter wille van Jesus Christus, deur God nie gespaar nie maar oorgelewer om almal te red wat aan Hom behoort, kan niemand die uitverkorenes veroordeel nie: “Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel?” (Rom. 8:33, 34). Vir die kinders van God is die goddeloosheid en wetteloosheid wat ons sien en hoor ’n pyn in die hart. Gelowiges leef egter uit pas met “die wat die gesag van die Here verag” (2:10). Want: “... dis my goed, my saal’ge lot, as ek naby is by my God.”

Sing: Psalm 73:12 (1936)

Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)